NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur | 100 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

   Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
   Afdeling B Opsomming (10 punte)
   Afdeling C Poësie (30 punte)
   Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)

3. Beantwoord al die vrae.

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.

5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

7. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.

8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

IEB Copyright © 2022

## AFDELING A LEESBEGRIP

## VRAAG 1 TYDSKRIFARTIKEL

**Lees die onderstaande teks noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.**

**Eksamentyd is peuseltyd**

1 Eksamentyd is 'n tyd wanneer ons net die hele tyd wil eet, of anders gestel: peuseltyd. Daarom kla baie tieners oor daardie ekstra kilogram of twee ná die spanning van die eksamen. Met gesonde eetgewoontes en die regte kossoorte sal die skaal nie tydens eksamentyd aandui dat jy gewig optel nie. Die meeste tieners groei nog in hulle skooljare en daarom is dit belangrik vir hulle om die regte kossoorte in die regte hoeveelhede te eet.

2 Wanneer die spanning begin erger word, soos in eksamentyd, is dit nóg belangriker om die regte kossoorte te eet. As jy dán nie 'n gebalanseerde eetpatroon volg nie, kan jou liggaam daaronder ly. Dit lei tot moegheid, swak konsentrasie en rusteloosheid, aangesien die liggaam vir hierdie "hongersnood" probeer kompenseer. Dit is beslis nie goed vir jou studie of vir jou punte nie.

3 En jy sal goed weet: tydens eksamentyd slaan jy dikwels maaltye oor. Dan leef jy op kitskos en ongesonde peuselhappies.

4 Gedurende eksamentyd moet jy seker maak dat jy gebalanseerde maaltye kry, wat vullend en interessant is, sodat jy nie elke nou en dan lus word om ongesonde kossoorte te eet nie. As jou liggaam ekstra energie nodig het, moet jy dit nie met suiker- en vetryke eetgoed soos sjokolade, koekies of aartappelskyfies bevredig nie. Dis juis dán wanneer jy die ekstra kilogramme optel.

5 Kies liewer iets gesonds soos laevet-jogurt, vars vrugte en groente of neute en sade. Sodoende kry jy ook ekstra vesel in wat spysverteringsprobleme weens spanning, lang tye se stilsit agter die boeke en minder aktiwiteit sal help keer. Onthou, tussen 6 en 8 glase water per dag is noodsaaklik vir 'n gesonde liggaam.

6 As jy gou iets wil eet, is sjokolade en koekies gewoonlik die eerste keuse omdat dit nie harde werk of baie voorbereiding vra nie. Hierdie maklike en ongesonde keuses moet egter vermy word. Berei dus vooraf 'n paar gesonde happies voor sodat 'n mens dit net uit die yskas kan haal. Vra jou ouers vir genoeg groente, vrugte en ander gesonde lekkernye. Hou iets soets vir nagereg in die kas sodat jy nie voel jy mis uit nie, maar hou die porsies klein.

7 'n Skoolgaande kind se brein moet gereeld kos kry. En met rede. 'n Leerder se brein bevat 100 biljoen neurone wat al die leerwerk moet inneem, sorteer, sinvol verwerk, onthou en dan, tydens die eksamen, weer moet teruggee. Eet dus die regte kos en jy sal op jou beste kan presteer.

IEB Copyright © 2022

8 Hier volg vyf tophappies vir topstudente:







Die brein is sensitief vir dehidrasie. Sit elke dag **water** in die yskas. Kraanwater is die beste omdat dit sonder kleur- en geurmiddels is.

**Bloubessies** het baie flavonoïede en dit help jou korttermyngeheue en jou vermoë om helder te dink sodat jy môre kan onthou wat jy vandag geleer het.

**Kaas en melk** is albei ryk aan kalsium wat die elektriese "bedrading" van die brein help stabiliseer. Dit help om die brein skoon te maak deur skadelike stowwe in die brein uit te werk.

**Biltong en rooivleis** is ryk aan sink wat noodsaaklik is vir die vorming van lang- en korttermyngeheue sodat jy nie net môre nie, maar ook volgende jaar sal onthou wat jy geleer het.

**Pampoensaad** is ryk aan omega-3-vetsure. Dit help jou om ekstra breinkrag op te bou vir al die leerwerk.

9 Dit maak nie saak wat jy eet nie, dit is belangrik om nie te veel te eet nie. Eet minder van die verkeerde kos en meer van die gesonde kos én altyd in kleiner hoeveelhede.

[Bron: Verwerk uit <rooirose.co.za/eksamenkos-vir-topprestasie/> (12/10/2015)]

1.1 Verwys na die titel en sê wat jy dink dit beteken as 'n mens aan kos "peusel"? (1)

1.2 Lees paragraaf 1.

1.2.1 Hoe kan leerders seker maak dat hulle nie gewig optel wanneer dit eksamentyd is nie? (1)

1.2.2 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Die **hoofrede** hoekom skoliere die regte hoeveelhede van die regte kosse moet eet, is *omdat hulle nog op skool is*. (1)

1.2.3 Motiveer jou antwoord op Vraag 1.2.2 deur **vyf opeenvolgende woorde** uit paragraaf 1 aan te haal. (1)

IEB Copyright © 2022

1.3 Wat moet 'n mens, volgens paragraaf 2, **doen** om onnodige moegheid tydens eksamentyd te voorkom? (1)

1.4 Haal **een woord** uit paragraaf 2 aan wat ongeveer dieselfde beteken as *voedselgebrek*. (1)

1.5 Aan watter **twee vereistes** behoort jou maaltye, volgens paragraaf 4, gedurende eksamentyd te voldoen? (1)

1.6 Sê **in jou eie woorde** hoekom leerders eerder sjokolade en koekies tydens eksamentyd eet wanneer hulle wil peusel. (1)

1.7 Watter **sure ("acids")** help om die brein beter te laat funksioneer? (1)

1.8 Wat is die **voordeel** van **sink**, wat 'n mens inneem as jy rooivleis eet? (1)
**[10]**

IEB Copyright © 2022


## VRAAG 2 VISUELE BEGRIP – WEERKAART

**Bestudeer die weerkaarte hieronder en beantwoord die vrae wat op elkeen volg.**

**Sleutel**




**Weerkaart 1**




[Bron: *Die Burger*, Woensdag, 31 Maart 2021]

Verwys na Weerkaart 1 om die volgende vrae te beantwoord:

2.1 Watter dorp het **dieselfde** minimum en maksimum temperatuur as Clanwilliam? (1)

2.2 In **Sutherland** waai die wind teen **30 km/h**.

Op watter **ander dorpe** sal die wind op hierdie dag **ook presies so sterk** waai? (2)

2.3 Hoe **hoog** is die deinings ("swells") langs die kus by Kaap Agulhas? (1)

2.4 Hoe laat sal die son môre ondergaan? Skryf jou antwoord **in woorde**. (1)

2.5 Sê of die volgende stelling **WAAR of ONWAAR** is:

Dit het baie in die 24 uur tot agtuur gister gereën. (1)

**Weerkaart 2**

## Wes-Kaap: 3 dae

| | Do. | Vr. | Sa. |
|---|---|---|---|
| Calvinia | 12 25 | 16 28 | 12 29 |
| Vredendal | 13 28 | 7 24 | 13 29 |
| Malmesbury | 13 26 | 13 26 | 12 26 |
| Paarl | 14 25 | 11 28 | 14 27 |
| Kaapstad | 16 22 | 13 29 | 16 22 |
| Hermanus | 16 21 | 15 23 | 15 23 |
| Grabouw | 13 21 | 15 23 | 12 23 |
| Kaap Agulhas | 17 20 | 11 24 | 16 21 |
| Riversdal | 14 20 | 16 21 | 13 24 |
| Mosselbaai | 16 20 | 12 24 | 15 23 |
| George | 15 20 | 15 22 | 14 23 |
| Worcester | 14 25 | 13 23 | 14 28 |
| Beaufort-Wes | 15 27 | 13 29 | 13 27 |
| Oudtshoorn | 13 26 | 13 28 | 12 29 |

## Reisigersgids

| | | | |
|---|---|---|---|
| Springbok | 16 27 | Port Elizabeth | 17 23 |
| Sutherland | 7 23 | Grahamstad | 14 27 |
| Kimberley | 17 28 | Pretoria | 15 28 |
| Upington | 21 32 | Johannesburg | 13 25 |
| Uitenhage | 13 29 | Mbombela | 15 27 |
| Oos-Londen | 17 24 | Polokwane | 13 27 |
| Joubertina | 14 25 | Bloemfontein | 14 27 |
| Cradock | 14 31 | Durban | 19 28 |

[Bron: *Die Burger*, Woensdag, 31 Maart 2021]

Verwys na Weerkaart 2 om die volgende vrae te beantwoord:

2.6 Watter dorp het vanaf Donderdag tot Saterdag die **laagste** verwagte **oggendtemperatuur**? (1)


2.7 Watter dorp het op elk van die drie dae **dieselfde** verwagte **middagtemperatuur**? (1)

2.8 Verwys na die **reisigersgids**.

Verduidelik in een volsin **watter weersomstandighede** reisigers na Kimberley kan verwag. (1)

IEB Copyright © 2022

**Weerkaart 3**




[Bron: *Die Burger*, Woensdag, 31 Maart 2021]

Verwys na Weerkaart 3 om die volgende vraag te beantwoord:

2.9 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter van jou antwoord neer.

Die koue front (A) beweeg grotendeels van ...


A oos na wes.
B wes na oos.
C noord na suid.
D suid na noord. (1)

**[10]**

**VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENTE**

**Bestudeer die <u>twee</u> spotprente en beantwoord die vrae wat ná elkeen volg.**

**Nommer 1:**




[Bron: *Die Burger*, 09/05/2018]

3.1 Kyk na man A:

3.1.1 Hoe wys die **man (A) se liggaamstaal** dat hy nie van die reën hou nie? (1)

3.1.2 **Wat** dui vir ons aan dat daar baie water in die pad lê. (1)

3.2 Wat gebruik **die man (B)** om die reën van sy kop af te hou? (1)

3.3 Hoe wys **die man (C) se liggaamstaal** dat hy na die persoon langs hom luister? (1)

3.4 Hoe weet jy dat die **motorfiets (D)** nie stilstaan nie? (1)

IEB Copyright © 2022

**Nommer 2:**




[Bron: *Die Burger*, 21/01/2016]

3.5 Hoe wys die **vrou (A) se gesigsuitdrukking** dat sy **kwaad** is? (1)

3.6 Kyk na die **man (B)**.

3.6.1 Hoe weet ons aan die man se **gesigsuitdrukking** dat hy **seergekry** het toe hy geval het? (1)

3.6.2 Watter **ander visuele teken** is daar wat aandui dat **hy** sy kop seer gestamp het? (1)

3.7 Skryf slegs **een woord** neer:

Die **hond se gesigsuitdrukking** wys dat die hond **______** is. (1)

3.8 Hoe weet ons dat die **man (B)** heel moontlik vroeër in die dag **by die werk** was? (1)

**[10]**

**30 punte**

## AFDELING B OPSOMMING

## VRAAG 4 Notule (opsomming) van 'n vergadering



- Lees die teks op die volgende bladsy van vyf mense wat in 'n vergadering is.
- Die vergadering bespreek die volgende: Moet die skool honde op hulle skool-terrein toelaat of nie?
- Som elke persoon se MENING (sy/haar standpunt) hieroor in jou eie woorde op **en** noem elke keer daardie persoon se REDE (of **een** van die redes) vir sy/haar standpunt.
- Dit moet elke keer EEN sin wees met 'n **mening/standpunt** en die **rede** wat met 'n **voegwoord** verbind word.
- Skryf die opsomming puntsgewys in **vyf volsinne** neer. Jou opsomming moet ongeveer **70 woorde** bevat.
- Begin die vyf sinne soos volg:

  1 Mevrou Nel ....

  2 Mevrou Harris ...

  3 Meneer Ramsay ...


  4 Meneer Pyle ...

  5 Meneer Brink ... (hierdie woorde tel **nie** as deel van jou woordtelling **nie**!)

**Onthou:**
- om 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer te skryf
- om nie volsinne direk uit die teks aan te haal nie
- dat jy gepenaliseer sal word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is
- dat elke hoofpunt slegs **EEN sin**, met 'n **mening/standpunt** en die **rede** daarvoor, moet bevat
- om jou opsomming te beplan voordat jy dit begin skryf. **Trek 'n streep deur jou beplanning** sodra jy met jou opsomming klaar is.

IEB Copyright © 2022

**Inleiding:** Welkom, almal. Die eerste punt op ons agenda is: **Moet die skool honde op die skoolterrein toelaat of nie?**

| | |
|---|---|
|  Mevrou Nel (ouer): | Ek dink dit is onnodig dat ons 'n vergadering hieroor moet hê. Vandat my oudste seun in 2009 na hierdie skool toe gekom het, is ons toegelaat om ons honde vir oefening hierheen te bring. Ek dink dis verkeerd dat die skool ons nou wil verbied om honde op die skoolterrein te bring. |
|  Mevrou Harris (skoolhoof): | Ek kan verstaan dat u ontsteld is, mevrou Nel. Kom ons kyk of ons almal tevrede kan stel. Ons kan miskien toelaat dat honde op die skoolterrein kom, maar dat hulle nie meer vrylik kan rondbeweeg nie. Ons moet strenger maatreëls instel om dit te verhoed. |
|  Meneer Ramsay (terreinopsigter): | Die feit dat honde op die skoolterrein toegelaat word, moet dadelik end kry! Die honde se eienaars hou nie hulle honde aan leibande nie. Daar was al heelwat gevalle waar die honde aggressief teenoor die werkers opgetree het. Hulle kla dat die honde hulle intimideer. |
|  Meneer Pyle (Beheerraadslid): | Ons moet 'n middeweg probeer vind. Kan ons 'n besluit neem dat slegs ouers wat kinders hier op skool het, hulle honde hierheen mag bring? Die honde mag ook net op sekere velde toegelaat word. Ek voel dit is 'n redelike versoek om albei kante gelukkig te hou. |
|  Meneer Brink (Hoof van Sport): | Ek is hewig daarteen gekant. Die meeste ouers steur hulle nie aan enige van die skoolreëls nie. Kyk net hoe laat laai hulle hulle kinders soggens af. Honde sal steeds vrylik op die sportvelde rondhardloop. Hulle grawe dikwels gate op die rugbyvelde. Ons moes al baiekeer die velde ten duurste laat regmaak voor belangrike wedstryde as gevolg van hierdie honde. |

**Slot:** Dit lyk my ons sal hierdie gesprek tydens die volgende vergadering moet voortsit. Ons gaan nie vandag konsensus bereik nie.

**10 punte**

IEB Copyright © 2022

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.**

Taylor Swift – ***Kobus Grobler***
vir Liebet

jy herhaal
haar woorde van melancholie
vir die hoeveelste keer

weer

en nou ná heeldag lank
se periodes skoolwerk
en pouses
alleen
se draal in die liedjie
val jy met skooluniform taai van skool
skoene uitgeskop
op die bed neer
sing jy die woorde
van haar nuutste CD
gelaai in MP3
snik
huil
grens
jy

want vir die eerste keer
in die spieël
met jou pa se oë vol trane
verstaan jy
weet jy
hoekom bome hulle blare verloor

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

5.1 Aan wie word hierdie gedig opgedra? (1)

5.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter van jou antwoord neer.

Hierdie gedig is 'n ...

A liriek.
B vrye vers.
C ode.
D sonnet. (1)

IEB Copyright © 2022

5.3 Verwys na strofe 1.

5.3.1 Na wie verwys die "jy"? (1)

5.3.2 Na wie verwys die "haar"? (1)

5.3.3 Watter tegniek gebruik die digter om hierdie drie versreëls aan mekaar te bind? (1)

5.4 Waarom plaas die digter die woord "weer" (versreël 4) alleen in 'n strofe? (1)

5.5 Watter twee betekenisse kan die woord "taai" in versreël 10 hê? (2)

5.6 **Verduidelik**, in een volsin, die **progressie** wat in versreëls 16–18 plaasvind. (1)

5.7 Hoekom is haar "pa se oë vol trane" (versreël 22)? (1)

**[10]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.**

Daarom – ***Ilna Stander***

My profiel
is 'n spieëlskrikker,
my vel 'n dermatoloog se droom,
my arms en bene misliklank in die pad,
my bolip se dons bleek.
Tussen meisies: die groot krater.

Daarom antwoord ek nie
met my deurslaanstem nie,
kruip ek eerder onder my kuif
(ononderhandelbaar) weg
en oefen ek agteraf
my afsakbroek-stap.
Daarom bid ek die tyd om.

Intussen donder ek deure toe.

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

6.1 Waarom beskryf die seun sy profiel as 'n "spieëlskrikker" (versreël 2)? (1)

6.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter van jou antwoord neer.

In versreël 5 vind ons 'n voorbeeld van ...

A enjambement.
B hiperbool.
C alliterasie.
D eufemisme. (1)

6.3 Wat is die **doel van die dubbelpunt** in versreël 6? (1)

6.4 Verduidelik die **twee** moontlike betekenisse van die woord "krater" in versreël 6. (2)

6.5 Waarom weier die spreker om sy kuif korter te knip? (1)

6.6 Haal 'n versreël uit strofe 2 aan waarin **parentese** voorkom. (1)

IEB Copyright © 2022

6.7 Verwys na versreël 13.

6.7.1 Watter "tyd" probeer die spreker om bid? (1)

6.7.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter van jou antwoord neer.

Dit wil voorkom asof die spreker ... is.

A desperaat
B gelowig
C aggressief
D hulpeloos (1)

6.8 Wat doen die spreker soms om te wys dat hy kwaad of ongelukkig is? Jy mag nie aanhaal nie. (1)

**[10]**

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

**Lees die onvoorbereide gedig en beantwoord die vrae wat volg.**

Pleitskrif vir die aarde – ***Fanie Viljoen***

Begrawe ons woonplek onder berge bottels.
Bederf ons drinkplek met drywende plastiek.
Besoedel ons suurstof met rookkombers.

Wat maak dit saak?



Kap jou bome.
Mors jou olie.
Stort jou gif.

Wat maak dit saak?

Rommel word mos altyd
weggevat
weggewaai
weggespoel.

Vergeet daarvan.

Totdat jy eendag, soos die aarde nou,
stik van hitte,
bid vir reën
smeek vir genade
onder jou ashoop van weggooigoed.

[Bron: Vonk @ Verse – saamgestel deur J. Ferreira en R. Lamprecht]

7.1 Verwys na **die titel** van die gedig.

Wat beteken dit om te **pleit**? (1)

7.2 Wie is die "ons" in versreël 1? (1)

7.3 Haal 'n voorbeeld van **alliterasie** uit strofe 1 aan. (1)

7.4 Verwys na versreëls 4 en 8.

Waarom word hierdie vraag herhaal én alleen in 'n strofe geplaas? (1)

7.5 Die aarde word vernietig. **Hoe**, dink jy, dra mense by tot hierdie vernietiging **as hulle bome afkap**? (1)

IEB Copyright © 2022

7.6 Verwys na strofe 5.

7.6.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter van jou antwoord neer.

Die **spasies** wat die digter vóór die woorde in versreëls 10–12 plaas, word ... genoem.

A vrye vers
B inkeping
C suggestie
D progressie (1)

7.6.2 **Waarom**, dink jy, het die digter die woorde in versreëls 10–12 juis só op die bladsy geskryf? (1)

7.6.3 Behalwe vir die mense wat die rommel wegvat, verduidelik op watter **twee** maniere die **natuur** bydra om die rommel "weg" te vat. (2)

7.7 **Wanneer,** volgens die spreker, sal mense uiteindelik besef dat hulle die aarde verwoes? (1)

**[10]**

**30 punte**

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

**Die onderstaande taalsinne is op die volgende strokiesprent gebaseer. Herskryf die sinne soos aangedui.**




[Bron: *Die Burger*, 20 Mei 2020]

8.1 Die seun staan en praat met sy ouers in die sitkamer.

**Gister ...** (1)

8.2 Het die seun al besluit watter universiteit hy wil bywoon?

**Nee, ...** (1)

8.3 Sy pa sit ook op die rusbank omdat hy na die gesprek luister.

**Sy pa sit ook op die rusbank om ...** (1)

8.4 Die gesin vergader in die sitkamer, want hulle bespreek belangrike sake.

**Aangesien ...** (1)

8.5 Jy moet op jou eie hierdie belangrike besluite neem.

**Jy hoef ...** (1)

8.6 Die seun praat met sy ouers. Hy wil universiteit toe gaan.

**Die seun wat ...** (1)

8.7 Sy ouers moet die seun help om die regte keuse te maak.

**Die seun ...** (1)

IEB Copyright © 2022

8.8 Sy pa vra vir die seun: "Is jy emosioneel gereed vir universiteit?"

**Sy pa vra vir die seun of ...** (1)

8.9 Sy ouers word gereeld deur die lui seun se onderwysers gekontak.

**Die lui seun se onderwysers ...** (1)

8.10 Sy pa kyk na die lys van universiteite. Hy twyfel oor sy seun se keuses.

**Nadat ...** (1)

8.11 Elke kind moet 'n kans kry om verder te studeer.

**Elke kind behoort ...** (1)

8.12 Die seun stel 'n nuwe lys van universiteite op.

**Volgende week ...** (1)
**[12]**

IEB Copyright © 2022 

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

**Lees die paragraaf wat op die onderstaande spotprent gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf die nommer en die korrekte antwoord in jou Antwoordboek neer.**




[Bron: *Die Burger*,19/09/2020]

Dit was vir almal baie **9.1 (difficult – gee die korrekte Afrikaanse woord)** om by die Vlak 5-beperkings in **9.2 (SA – skryf die afkorting uit)** aan te pas. Vir 'n **9.3 (lank – gee die korrekte vorm van die woord)** ruk kon niemand in die land **9.4 (skooltoe / skool toe – kies die korrekte vorm)** gaan nie. Studente moes **9.5 (by die huis – gee slegs een woord)** bly en aanlyn inskakel en klasse bywoon. Studente en onderwysers moes **9.6 (baie vinnig – gee die intensiewe vorm)** leer hoe om dit te doen.

IEB Copyright © 2022

Baie studente het aan hulle ouers **9.7 (erken/herken – kies die korrekte woord)** dat hulle nie baie van die aanlyn klasse gehou het nie. Dit was selfs vir onderwysers 'n groot uitdaging. Een van die **9.8 (dinge – gee die verkleining)** wat dit nie maklik gemaak het nie, was dat die onderwysers slegs **9.9 (beperk – gee die korrekte vorm van die woord)** beheer oor die aanlyn klasse kon uitvoer.

Toe die studente uiteindelik na hulle **9.10 (skool – gee die meervoud)** kon terugkeer, het hulle **9.11 (onder andere – gee die afkorting)** gekla dat hulle weer vroeër **9.12 (elke oggend – gee een woord)** moes opstaan. As ons alles in ag neem, is dit **9.13 (goed – gee die vergrotende trap)** dat al die studente weer terug **9.14 (aan / op – kies die korrekte voorsetsel)** die skoolkampus is, want dit is nie **9.15 (duur – gee die antoniem)** om jou slaapkamer of **9.16 (study – gee die korrekte Afrikaanse woord)** as 'n klaskamer in te rig nie.

**[8]**


IEB Copyright © 2022

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Lees die inligting hieronder deur.
- Voer die instruksies wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat. (Jy hoef nie aanhalingstekens te gebruik nie.)
- Elke respons moet 15–20 woorde lank wees. Onthou om jou woordtelling elke keer neer te skryf.
- Jy mag meer as een sin skryf.
- Moenie die vetgedrukte woorde in jou respons herhaal nie.

**Die mense hieronder gee elke jaar vir hul geliefdes geskenke op hulle verjaarsdae:**

**SITUASIE 1:**




[Bron: Google images]

10.1 Die ouma (A) **waarsku** haar kleindogter dat die geskenk kan breek terwyl sy dit oopmaak. Wat, sê sy vir haar kleindogter, is die **rede** dat die geskenk kan breek? (2)

10.2 Die kleindogter (B) bedank haar ouma **opgewonde**. Wat sê sy vir haar ouma, gaan sy met hierdie geskenk maak? (2)

**SITUASIE 2:**





[Bron: Google images]

Hierdie tweeling verjaar op 25 Desember:

10.3 Die seun (A) is baie **bly** oor sy geskenk. Wat, sê hy, gaan hy met sy geskenk doen? (2)

10.4 Sy suster (B) is **geskok** toe sy haar geskenk oopmaak. Wat, sê sy, is die rede waarom sy so geskok is? (2)

**SITUASIE 3:**




[Bron: Google images]

10.5 Mnr. Molefe (A) gaan elke jaar na sy plaaslike kleuterskool en handig geskenke aan die kinders uit. Jy **bedank** hom daarvoor en **verduidelik** ook hoekom dit so 'n spesiale daad (deed) is. Wat sê jy vir mnr. Molefe? (2)

**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2022